SWITSERSE ALPE TOT ITALIAANSE RIVIERA

Switserland ~ Oostenryk ~ Duitsland ~ Frankryk ~ Italië

7-21 JUNIE 2020

Kom saam op ons 15-dae Europese Somer-avontuur teen die spesiale groepstarief van **R40 990** per persoon. Verskeie hoogtepunte, soos die *Switserse Alpe-treinritte* en 'n besoek per boot aan die *Portofino-skiereiland* is ingesluit.

Reisplan

Dag 1: Sondag, 7 Junie **JOHANNESBURG →**

Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vroegmiddag vanaf Kaapstad en Johannesburg na Europa. Oornag aanboord na aandete.

Dag 2: Maandag, 8 Junie **→ ZURICH → LUCERNE → FLIMS-WALDHAUS**

Na 'n vroeë ontbyt land ons in **Zurich**, Switserland. Ons ry met ons bus 'n draai deur die mooi stad, geleë by die Zurich-meer. Daarna ry ons na **Lucerne**, waar ons twee ure vrye tyd het vir besigtiging. Ons reis daarna verder na die dorpie **Flims-Waldhaus**, geleë in die Switserse bergwêreld. Geniet die mooi natuurskoon van die skilderagtige platteland op pad.

Ons arriveer laatmiddag by die ***Surpunt Hotel***, waar ons die volgende vyf nagte oorbly. Aandete om 19:00.

Dag 2-7: 8-13 Junie ***Surpunt Hotel*, Flims-Waldhaus, Switserland**
[www.hotel-surpunt.com]

- Aandete, ontbyt en gratis drinkgoed ('n keuse van wyne, biere, koeldranke en koffie/tee) elke aand tussen 18:00 en 22:00 ingesluit by ons gesellige hotel.
- Vyf piekniek-middagetes ingesluit.
- **Dinsdag**: Besigtigingstoer na **Innsbruck**, die hoofstad van die Tirol-provinsie in Oostenryk, met sy Middeleeuse stadskern wat dateer uit 1187. Moenie die *Goldenes Dachl* ("goue dak") van Friederich IV se woning in die hartjie van die ou stad misloop nie..
  ▓ As bonus gaan ons ook na die dorp **Wattens** om die ***Swarovski Kristallwelten***, by die wêreldberoemde Swarovski-kristalfabriek, te besoek.
- **Woensdag**: Treinrit op die beroemde ***Glacier Express*** vanaf Tiefencastle tot Andermatt. *Travel through the unspoilt natural beauty of a landscape rich in ancient, fragrant mountain streams and valleys, soaked in tradition and centuries old culture. Enjoy a journey in the world's slowest express train! Throughout your journey, you will hear fascinating background information and stories about the route over the train's information system.*
  ▓ As bonus gaan ons **Vaduz**, die hoofstad van **Liechtenstein** (met 'n totale bevolking van net 37 000!) besoek. Liechhtenstein is op die grens tussen Switserland en Oostenryk geleë.
- **Donderdag**: Treinrit op die ***Bernina Express*** vanaf St.Moritz. *Travel along the highest railway line in the Alps. Enjoy sensational views of the Alps, from the high towering glaciers of the mountains, to the valleys below, all from fabulous panoramic windows on the train. The wonders of nature and the cultural achievements of man merge into one of the best ways ever to experience the Alps and this UNESCO World Heritage site!*
  Ons treinrit eindig in die suide by **Tirano**, in Italië, waar ons vrye tyd het totdat ons per bus terugkeer na Films-Waldhaus.
- **Vrydag**: Ons besoek die ***Constance-meer*** (ook bekend as die *Bodensee*), die grootste meer in Duitsland, met ons bus. *The Bodensee has developed into the nearest Germany has to a Riviera, being rich in Castles, Baroque churches and exquisite town squares.* Ons stop by **Lindau-eiland** en het kans om die mooi eiland en sy besienswaardighede te verken.

Surpunt Hotel, Flims-Waldhaus

Bernina Express Scenic Train

Dag 7: Saterdag, 13 Junie **FLIMS-WALDHAUS → COMO-MEER → LA SPEZIA**
Vanoggend moet ons die Alpe-wêreld groet! Na ontbyt vertrek ons suidwaarts na Italië. Ons stop vir koffie of middagete by die mooie **Como-meer**. Vandaar ry ons verder suidwaarts na die Italiaanse Riviera en die hawedorp **La Spezia**, waar ons vanaand oorbly in die ***Ghironi Hotel*** [www.hotelghironi.it]. Vanaand is al aand wat aandete nie ingesluit is by ons toerkoste nie en dis 'n goeie kans om 'n plaaslike restaurant se pizza of pasta te beproef!

Dag 8: Sondag, 14 Junie **LA SPEZIA → DIANO MARINA**
Ons ry 'n entjie met ons bus na die La Spezia-hawe. Om 10:00 vertrek ons met die *Hop On/Hop Off Ferry-boot* om die **Cinque Terre Nasionale Park** te besoek. Daar is tyd om by al vyf juwele af en op te klim: *Monterosso, Vernazza, Corniglia, Manarola* en *Riomaggiore*. Dit is 'n lang dag, maar jy kan jou eie pas bepaal en dit is beslis een van die hoogtepunte van ons toer!
Vroegaand vertrek ons bus weswaarts met die kus langs na die dorp **Diano Marina**, geleë in die hartjie van die *Riviera di Ponento*, tussen Imperia en Andora. Ons bly die volgende ses nagte oor in die ***Silvano Hotel***, 700 meter vanaf die strand. Dis 'n intieme hotel met net 48 ruim kamers en 'n lieflike swembad.

Dag 8-14: 14-20 Junie ***Silvano Hotel,* Diano Marina, Italië**
[www.hotelsilvano.net/en]

- Aandete, ontbyt en gratis drinkgoed ('n keuse van wyne, biere, koeldranke en koffie/tee) elke dag tussen 11:00 en 23:00 ingesluit.
- Vyf piekniek-middagetes ingesluit.

- **Maandag:** Besoek **Monaco** en **Monte Carlo**. Dié stadstaat is die tweede kleinste staat in die wêreld. Sien onder andere die prentjiemooi hawe, indrukwekkende *Royal Palace* en beroemde *Casino Square*. Die Grimaldi-familie regeer Monaco al vanaf 1297. Moenie die *Changing of the Guard* presies om 11:55 in die paleis-vierkant misloop nie!
- **Dinsdag:** Besigtigingstoer na **Alassio**, met sy pragtige strand wat ongeveer 4km lank is, en **Albenga**, met sy goed-bewaarde historiese kern. *Albenga is a rare example of a medieval city built on Roman foundations and is undoubtedly one of the top places to visit in the area.*
  Dinsdag is ook die weeklikse markdag in Diano Marina en daar sal tyd wees om dié groot mark (wat basies langsaan ons hotel begin) te verken.
- **Woensdag:** Dag vry om te doen net wat jy wil! Ons sal waarskynlik 'n opsionele uitstappie na Cannes in Frankryk reël vir diegene wat belangstel.
- **Donderdag:** Besoek **Portofino** en **Santa Margherita** by die *Riviera di Levante*, 'n verdere hoogtepunt van ons toer! Vir die beste uitsigte op die skilderagtige Portofino-skiereiland reis ons per water-taxi vanaf Santa Margherita na Portofino. *The peninsula is dotted with impossibly picturesque hamlets and villages, including the world-famous port of Portofino.*
- **Vrydag:** Besoek die prentjiemooi ou stad van **Menton**, geleë op die grens tussen Frankryk en Italië. Daar is tyd om die prentjiemooi ou stad te verken en inkopies te doen.

Silvano Hotel, Diano Marina

Portofino, Italiaanse Riviera

Dag 14: Saterdag, 20 Junie **DIANO MARINA → NICE →**
Na ontbyt moet ons die Italiaanse Riviera groet. Ons reis al langs die kus van die Mediterreense See per bus oor die grens tussen Italië en Frankryk na **Nice,** die vyfde grootste stad in Frankryk, by die Franse Riviera. Ons ry langs die gewilde promenade van die stad en daar is kans om die *Cours Saleya* (*pedestrian thoroughfare*) in die ou deel van die stad te verken.
Vroegmiddag vertrek ons na die Nice-lughawe. Dit is tyd om Europa te groet! Ons terugvlug na Suid-Afrika vertrek laatmiddag. Aandete word op die vlug bedien.

Dag 15: Sondag, 21 Junie **→ JOHANNESBURG**
Vroegoggend word ontbyt op ons vlug bedien. Na 'n onvergeetlike ***Europese Somer-avontuur***, land ons in Johannesburg en Kaapstad.

INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- ✓ Internasionale vlugte in ekonomiese klas vanaf en na Johannesburg. Daar is 'n addisionele koste van R950 vir die retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ Luukse busvervoer met twee bekwame bus-operateurs vir dertien dae.
- ✓ Verblyf vir twaalf nagte in uitgesoekte hotelle (soos in die reisplan aangedui).
- ✓ Ontbyt en aandete elke dag (behalwe een aandete in La Spezia), asook tien piekniek-middagetes.
- ✓ Drinkgoed ('n keuse van wyne, bier, koeldranke en koffie/tee) vir elf aande.
- ✓ Alle besigtiging soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ Treinritkaartjies vir die *Glacier Express* en *Bernina Express*.
- ✓ 'n Water-taxi kaartjie vir Santa Margherita na Portofino.
- ✓ 'n *Hop On/Hop Off Ferry* bootkaartjie om die *Cinque Terre*-dorpe te besoek.
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.

LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- ➢ Die toerkoste van **R40 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Mei 2019. Dit is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- ➢ Visumkoste van ± **R1 400** is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help met almal se Schengen visum-aansoeke en die nodige dokumente aan almal verskaf. Almal in die Wes-Kaap wat die afgelope vyf jaar reeds 'n Schengen-visum ontvang het, hoef nie weer te verskyn vir vingerafdrukke nie en ons sal dié visum-aansoeke namens hulle indien by die Italiaanse Ambassade.
- ➢ Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer verlang beloop **R4 980**.
- ➢ Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- ➢ Ten minste 38 passasiers moet deurgaans saamreis.
- ➢ 'n Deposito van **R6 500** moet so gou as moontlik vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- ➢ Die balans van die reisgeld moet **voor 31 Maart 2020** vereffen word.
- ➢ Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi die besprekingsvorm en pos dit (met die deposito uitgemaak aan *Van Dyk Groepstoere*) aan:
Van Dyk Groepstoere, Posbus 788, Mosselbaai, 6500.
Die besprekingsvorm en deposito-betalingsbewys kan ook per e-pos gestuur word aan
info@vandyktours.co.za
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende spaarrekening by
Nedbank: 253 657 4369 Tak: *George Garden Route Mall* Takkode: 153 614
Rekeninghouer: *Van Dyk Groepstoere* *Tipe rekening: Spaar* Verwysing: SWITSERLAND/ en u van
Kontak die toerleier, ***Renhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
Tel/Faks nr: 044 696 6484 Sel nr: 082 767 8400 E-pos: info@vandyktours.co.za